# REGISTRASIEREËLINGS VIR 2025 NUWELING-EERSTEJAAR VOORGRAADSE STUDENTE

## FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDS-WETENSKAPPE

Die onderstaande inligting het betrekking op die registrasie van nuweling-eerstejaarstudente van voorgraadse programme van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), d.w.s. studente wat vir die eerste keer as 'n FGGW eerstejaar vir 'n voorgraadse program registreer, **en ook dié studente wat reeds 'n ander graad(e) (soos 'n BSc-graad) voltooi het.**

## INHOUD


1. Registrasie op die SUNStudent stelsel en algemene registrasienavrae: 2
2. Registrasie vir nuweling voorgraadse studente gebaseer op die Tygerberg- en Stellenbosch-kampus 2
   OPSIE 1: Selfregistrasie aanlyn (slegs beskikbaar tot 7 Februarie 2025) 2
   OPSIE 2: Registrasie Tydens die Verwelkomingsweek (slegs beskikbaar op 31 Januarie 2025) 3
   OPSIE 3: Geassisteerde registrasie (slegs beskikbaar tot 7 Februarie 2025) 4
3. Inlewering van Toelatingsbewysdokumente 4
4. Voorafregistrasieklaring vir internasionale studente 5
5. Studentegelde en rekeningnavrae 6
6. Finansiële hulp aan studente by die Tygerberg-kampus: 7
   6.1 Voorgraadse finansiële bystand en beursnavrae 7
   6.2 NSFAS-toelaes* 7
   6.3 Toelaes vir beurse van private skenkers en provinsiale departemente vir voorgraadse studente 8
7. Registrasie verantwoordelikhede en laat registrasie 8
8. Kontrolering van Registrasiebewys 8
9. Voldoening aan Module- en Programvereistes 9
10. Immunisering teen Hepatitis B 9
11. Registrasiestappe op Tygerberg-kampus tydens die verwelkomingsprogram 10

## 1. Registrasie op die SUNStudent stelsel en algemene registrasienavrae:

Die Universiteit Stellenbosch (US) implementeer 'n nuwe studente-inligtingstelsel, SUNStudent, wat sal beteken dat studente vanaf 2024 op hierdie stelsel sal registreer. Vir inligting oor die nuwe aanlyn registrasieproses sowel as die gebruikersgids vir selfregistrasie, besoek asseblief die Universiteit se toegewyde registrasiewebblad by www.sun.ac.za/registration.

Vir enige Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe registrasieverwante navrae kan jy ons per e-pos kontak by fmhsregistration@sun.ac.za.

**Algemene datums – Tygerberg-kampus**

- **2 Desember 2024:** Begin van geassisteerde registrasie vir alle nuweling FGGW PhD-studente
- **2 Januarie 2025:** Begin van akademiese jaar en aanlyn- en geassisteerde registrasie vir terugkerende voorgraadse student en nuweling en terugkerende nagraadse studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW)
- **23 Januarie 2025:** Begin van aanlyn self-registrasie vir nuweling voorgraadse studente
- **31 Januarie 2025:** Op-kampus geassisteerde registrasie van nuweling eerstejaar voorgraadse studente van die FGGW
- **7 Februarie 2025:** Laaste dag vir aanlyn en geassisteerde registrasie vir voor- en nagraadse FGGW-studente (uitgesluit nuweling M-navorsing en D-studente).
- **10 Februarie 2025:** Begin van akademiese jaar vir eerstejaar voorgraadse studente.
- **21 Februarie 2025:** Laaste dag vir laat registrasie van voor- en nagraadse studente (uitgesluit nuweling M-navorsing en D-studente)
- **27 Maart 2025:** Laaste dag vir eerste semester registrasie vir nuweling M-navorsing en D-studente.


## 2. Registrasie vir nuweling voorgraadse studente gebaseer op die Tygerberg- en Stellenbosch-kampus

2.1 Die onus rus op elke student om **elke jaar te registreer.** As 'n nuweling student moet jy seker maak dat jy in aanmerking kom om vir die 2025 akademiese jaar te registreer voordat jy probeer om te registreer.

2.2 **Registrasie opsies**
Daar is drie (3) opsies beskikbaar vir jou om amptelik te registreer as 'n voorgraadse student van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

### OPSIE 1: Selfregistrasie aanlyn (slegs beskikbaar tot 7 Februarie 2025)

Die meeste studente kan aanlyn registreer en word aangemoedig om via ons aanlyn registrasieportaal op SUNStudent te registreer.




- Selfregistrasie kan gedoen word vanaf enige toestel wat die "*desktop view*" kan gebruik met toegang tot die internet via die SUNStudent portaal tot **7 Februarie 2025.**

- 'n Hoe-om-te-registreer riglynvideo oor kan verkry word op die US se toegewyde registrasiewebblad.

**Die volgende studente sal nie toegang tot selfregistrasie hê nie:**
- Studente wat een of meer toelatingsbewysdokumente uitstaande het (bv. Matrikulasievrystellingsertifikaat, advies van uitslae of na-matrikulasiebewyse van toelaatbaarheid)
- Studente wie se hertoelating tot die Universiteit nie in orde is nie.
- Studente wie se Studentegelderekening by die Universiteit agterstallig is (debiteure) (indien die Studentegelderekening en eerste paaiement van registrasie ten volle betaal is en deur die Studentegeldeafdeling vasgelê word) en die student aan alle ander vereistes vir selfregistrasie voldoen , sal hulle self kan registreer. Sien asseblief die onderstaande deel rakende Studentegelde hieronder.
- Nagraadse nuwelingstudente, wat vir nagraadse programme aanvaar is en vir die eerste keer in 2025 vir daardie programme registreer.
- Studente wat vir spesiale programme of as 'n spesiale student registreer.
- Studente wat modules moet herhaal
- Studente wie se kurrikulum aangepas is as gevolg van 'n goedgekeurde toegewing.

## OPSIE 2: Registrasie Tydens die Verwelkomingsweek (slegs beskikbaar op 31 Januarie 2025)

Alle nuweling eerstejaarstudente vir die BSc in Dieetkunde-, BSc in Fisioterapie-, B in Verpleegkunde en MBChB-programme wat om een of ander rede **nie self kan registreer nie**, moet op 31 Januarie 2025 in die Tygerberg Assesseringsentrum, 5de Vloer Onderwysgebou, Tygerberg-kampus (sien punt 11), kan registreer.

Jy sal die stappe vir registrasie op die tweede laaste bladsy vind.
- **Hou asseblief jou wagwoord, studentenommer en bewyse van studiegelde betaal (sien punt 4) /bewyse van beurse/lenings byderhand, asook 'n bewys van registrasie indien jy reeds aanlyn geregistreer het.**

Nuweling-eerstejaarstudente vir die B in Arbeidsterapie- en Spraak-Taal- en Gehoorterapie-programme wat om een of ander rede **nie self kan registreer nie**, sal op Vrydag, 31 Januarie 2025 tussen 14:00 en 16:00 op die Stellenbosch-kampus by me Jabulile Motahane, kamer 3020, Administrasie Blok A, kan registreer.

Slegs studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en IEB (Onafhanklike Eksamineringsraad)- eksamens afgelê het, kan elektronies registreer.

Studente wat eksamens van ander skole (bv. School of Tomorrow) afgelê het en nie self kan registreer nie, kan die middag van 31 Januarie registreer by die Fakulteitsbeampte, Mnr Bernard Makhotla, kamer 1058, Tygerberg-kampus, óf by me Jabulile Motahane in die geval van eerstejaarstudente op die Stellenbosch-kampus, kamer 3020, Administrasie Blok A.

Datum en Tyd van Registrasie en Neem van Foto's vir Studentekaarte op **Vrydag, 31 Januarie 2025**

| **KOSHUISE** | **TYD** |
|---|---|
| Francie van Zijl | 09:00 – 09:30 |
| Enkanyini en Meerhoff | 09:30 – 10:00 |
| Hippokrates | 10:00 – 10:30 |
| Osler (Private Studentewyk)<br>(**m.a.w. studente wat nie in koshuise tuisgaan nie)** | 10:30 – 11:15 |

Navrae kan gerig word aan me Megan Jantjies of Mnr Bernard Makhotla by fmhsregistration@sun.ac.za of by 021 938 9235.

### OPSIE 3: Geassisteerde registrasie (slegs beskikbaar tot 7 Februarie 2025)

Geassisteerde e-posregistrasie kan gedoen word tot 7 Februarie 2025 (uitgesluit nuweling M-navorsing en D-studente wat tot 27 Maart 2025 mag registreer)

- Voltooi die registrasievorm, hier en heg dit aan jou registrasieversoek per epos aan: fmhsregistration@sun.ac.za.

Geassisteerde registrasie op kampus kan gedoen word tot 7 Februarie 2025 (uitgesluit nuweling M-navorsing en D-studente wat tot 27 Maart 2025 mag registreer)

- Die volgende personeel is beskikbaar om te help met op-kampus registrasie
  - **Tygerberg-kampus:** Mnr Bernard Makhotla of me Megan Jantjies of me Nobukho Njemla-Klaas, fmhsregistration@sun.ac.za, Sentrum vir Akademiese Administrasie, 1ste Vloer Kliniese Gebou, Tygerberg-kampus.
  - **Stellenbosch-kampus:** Me Jabulile Motahane (e-pos: jabuz@sun.ac.za) in Kamer 3020, 3de Vloer, Admin A-gebou, Stellenbosch-kampus.

## 3. Inlewering van Toelatingsbewysdokumente

3.1 Nuweling eerstejaars wat die **Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen** afgelê het, moet:

3.1.1 twee **gewaarmerkte** fotokopieë van hul oorspronklike uitslagadvies/senior sertifikaat wat van die betrokke onderwysdepartement ontvang is, indien,

3.1.2 sowel as twee **gewaarmerkte** fotokopieë van die toepaslike identiteitsdokument (**RSA-burgers**: ID of geboortesertifikaat [geen paspoorte of rybewyse nie] en **internasionale studente**: paspoort, studiepermit **en** bewys van Suid-Afrikaanse Medieseversekering).

3.2 Nuwelingeerstejaars wat 'n ander eksamen as die NSS afgelê het (bv. kandidate van die School of Tomorrow) moet:

3.2.1 twee **gewaarmerkte** fotokopieë van hul oorspronklike uitslagadvies in dien,
3.2.2 sowel as twee **gewaarmerkte** fotokopieë van die toepaslike identiteitsdokument (**RSA-burgers**: ID of geboortesertifikaat [geen paspoorte of rybewyse nie] en **internasionale studente**: paspoort, studiepermit **en** bewys **van** Suid-Afrikaanse Medieseversekering).

3.3 Addisioneel tot hierdie dokumente, moet hierdie studente ook 'n Matrikulasie Vrystellingsertifikaat (*Exemption Certificate for Admission to Bachelor's Degree Studies*) inlewer.

3.4 BSc in Dieetkunde- en B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie-studente moet ook kliniese besoekvorms indien.

3.5 Studente wat aan ander universiteite gestudeer het, moet benewens die afskrifte van die senior sertifikaat en die toepaslike identiteitsdokumente soos hierbo genoem, ook hulle oorspronklike studierekords en bevredigende gedragsertifikate indien.

3.6 Die datums, tye en plekke vir indiening van alle toelatingsdokumente vir die verskillende programme is soos volg:
3.6.1 Al hierdie bewyse van **BSc in Dieetkunde I** kan dit inhandig tydens die verwelkomingsprogram op Maandag, 3 Februarie 2025 by die Afdeling: Menslike Voeding, in die Onderwysgebou, Tygerberg-kampus.
3.6.2 Al hierdie bewyse van **BSc in Fisioterapie I** studente moet dit inhandig tydens die verwelkomingsprogram op Maandag, 3 Februarie 2025 by die Afdeling: Fisioterapie, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus.
3.6.3 Al hierdie bewyse van **MBChB I**-studente moet nie later nie as Woensdag, 5 Februarie 2025, hul dokumente epos na mbchb@sun.ac.za.
3.6.4 Al hierdie bewyse van **B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I**-studente moet op Dinsdag, 11 Maart 2025 by me H Kruger van dié Afdeling ingedien word.
3.6.5 Al hierdie bewyse van **B in Arbeidsterapie I**-studente moet op Dinsdag, 4 Februarie 2025 by me Karen Ferreira van die Afdeling: Arbeidsterapie ingedien word.
3.6.6 Al hierdie bewyse van **B in Verpleegkunde I**-studente kan dit tydens die verwelkomingsprogram op Maandag, 3 Februarie 2025 by die Departement: Verpleeg- en Verloskunde, ingedien word.

## 4. Voorafregistrasieklaring vir internasionale studente

4.1 Alle internasionale studente word vereis om 'n **gesertifiseerde** afskrif van stawende dokumentasie vir voorafregistrasieklaring te verskaf voordat hulle vir die akademiese program registreer. Jy moet die **gesertifiseerde** dokumentasie hier oplaai

4.2 **Die volgende dokumentasie moet per opgelaai word om voorafregistrasieklaring te verkry:**
4.2.1 Bewys van geldige paspoort (gesertifiseer);
4.2.2 Bewys van geldige studievisum (gesertifiseer, indien van toepassing);
4.2.3 Bewys van Suid-Afrikaanse mediese dekking (indien van toepassing); en
4.2.4 Bewys van betaling of beursbrief.

4.3 'n E-pos kennisgewing sal aan jou teruggestuur word om te bevestig dat voorafregistrasie afgehandel is en jy kan dan verder voortgaan met die registrasieproses

## 5. Studentegelde en rekeningnavrae

5.1 Alle Studentegelde/studenterekeningverwante navrae moet aan die Studentegelde-afdeling gerig word.

5.1.1 E-pos: Me Lésanne Matthee (lm@sun.ac.za) of vind inligting via die volgende webwerwe:

5.1.2 http://www.sun.ac.za/english/Finance/students

5.1.3 https://www.sun.ac.za/english/maties/fees/study-fees

5.1.4 https://www.finaid.sun.ac.za

5.2 **Suid-Afrikaanse en internasionale studente met geldige permanente verblyf in Suid-Afrika en internasionale studente met vlugtelingstatus:**

5.2.1 Vanaf 2025 is die eerste verpligte paaiement betaalbaar teen 28 Februarie:

5.2.1.1 Die gelde betaalbaar teen die einde van Februarie is soos per die tabel onder en, indien van toepassing, die eerste paaiement van Koshuisfooie (etes uitgesluit).

| | **Voorgraads** | **Nagraads** | **Diploma** |
|---|---|---|---|
| **Eerste paaiement van Studiegeld** | 20 % van Totale studiegelde | 20 % van Totale studiegelde | 20 % van Totale studiegelde |
| **Plus: (Indien van toepassing)** | | | |
| **Eerste paaiement van Koshuisfooie** | R 5 100 | R 5 100 | R 5 100 |

5.2.2 Die gelde betaalbaar ten opsigte van 2025 moet as volg gemaak word:

| **DATUM** | **% VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR** | **% BETAALBAAR VIR DEBIETORDER** |
|---|---|---|
| 28 Februarie | 20 | 10 |
| 31 Maart | 20 | 10 |
| 30 April | 20 | 10 |
| 31 Mei | 20 | 10 |
| 30 Junie | 5 | 10 |
| 31 Julie | 5 | 10 |
| 31 Augustus | 5 | 10 |
| 30 September | 5 | 10 |
| 31 October | - | 10 |
| 30 November | - | 10 |

5.3 **Internasionale studente**

5.3.1 Hierdie bedrae is nie van toepassing op internasionale studente nie, uitgesonderd internasionale studente met geldige permanente verblyfreg in Suid-Afrika en internasionale studente met vlugtelingstatus - **klik hier** om na Stellenbosch Universiteit Internasionaal se webtuiste geneem te word.

5.3.2 Alle Internasionale studente, insluitend Namibiërs, moet hul volle studiegelde teen die datum van registrasie vereffen.

5.3.3 Internasionale studente, wat van Universiteitskoshuise gebruik maak moet ten minste R25 000 van die koshuisgelde en ten minste R15 000 van die toelaatbare etekwota vir die jaar vir plasing op die rekening met registrasie betaal (indien in 'n US-koshuis geplaas wat etes verskaf).

5.4 Alle agterstallige bedrae van 'n vorige jaar moet vereffen wees voordat jy vir 'n volgende jaar mag registreer.

5.5 **Klik hier** vir verdere inligting oor 2025-gelde.

## 6. Finansiële hulp aan studente by die Tygerberg-kampus:

Ons is deeglik bewus van die finansiële druk waaronder Suid-Afrikaanse huishoudings vir Studentegelde moet voorsien. Ons streef dus steeds daarna uit om finansieel behoeftige studente wat akademies verdienstelik is, sover moontlik by te staan. Vergewis jou asseblief van die verskillende kategorieë en vorme van finansiële bystand wat beskikbaar is.

6.1 **Voorgraadse finansiële bystand en beursnavrae**

6.1.1 Navrae kan na die Tygerberg-kampus se Voorgraadse Beurse- en Leningskantoor verwys word tygbursaries@sun.ac.za as jy 'n voorgraadse student is.

6.1.2 Afsprake om personeel te raadpleeg kan geskeduleer word via Microsoft Teams of telefonies, die kontakbesonderhede van die personeel is soos volg:

6.1.2.1 Me Rochelle Sylvester, 021 938 9129, sylvester@sun.ac.za

6.1.3 Afsprake om met personeel op kampus te konsulteer is ook beskikbaar, kontak asseblief die bogenoemde personeel om 'n afspraak te maak vir 'n konsultasie op die kampus.

6.2 **NSFAS-toelaes***

*Die onderstaande inligting is korrek ten tyde van publikasie, maar kan op kort kennisgewing verander afhangend van enige verandering wat NSFAS amptelik kommunikeer

6.2.1 Die tydlyne en besonderhede van toelaagbetalings vir NSFAS-studente sal gekommunikeer word sodra inligting van NSFAS ontvang is, Die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings sal kommunikasie aan alle NSFAS-befondsde studente stuur.

6.2.2 Vir inligting oor NSFAS van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings: klik hier

6.2.3 Alle NSFAS-verwante navrae moet by die Studentefinansies Dienstoonbank aangeteken word, kies die "Voorgraadse Beurse"-oortjie en kies die "NSFAS-navrae-opsie"

**LET WEL:** Alle toelaes sal via die Intellimali-stelsel verwerk word.

6.3 **Toelaes vir beurse van private skenkers en provinsiale departemente vir voorgraadse studente**

6.3.1 Afsprake om personeel te raadpleeg kan via Microsoft Teams geskeduleer word, die kontakbesonderhede van die personeel is soos volg:

6.3.1.1 Me Rochelle Sylvester, 021 938 9129, sylvester@sun.ac.za

6.3.2 Afsprake om met personeel op kampus te konsulteer is ook beskikbaar, kontak asseblief die bogenoemde personeel om 'n afspraak te maak vir 'n konsultasie op die kampus.

6.3.3 Toelaes en beurskodering kan slegs plaasvind wanneer ons 'n beloftebrief (bevestiging van befondsing vir 2025) van die borg ontvang het.

6.3.3.1 Studente kan hul beloftebriewe e-pos aan die bogenoemde personeellede of na tygbursaries@sun.ac.za

**LET WEL:** Alle toelaes sal via die Intellimali-stelsel verwerk word.

## 7. Registrasie verantwoordelikhede en laat registrasie

7.1 Alle voornemende studente wat vanaf 2025 aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer, moet betyds ingevolge hierdie registrasieprogram, soos in item 2 bepaal, as student registreer.

7.2 Indien jy vertraag word met registrasie, om watter rede ook al, moet jy met die Fakulteitsadministrateur, me Megan Jantjies (e-pos: fmhsregistration@sun.ac.za), reël om laat te registreer met die volgende bepalings:

7.2.1 'n Laatregistrasiefooi van R 1 000 sal na 7 Februarie gehef word. Hierdie fooi sal kwytgeskeld word vir studente wat bewyse het dat hulle finansiële beperkings in die gesig staar of wat goed gedokumenteerde en redelike regverdigings vir hul vertraagde registrasie kan verskaf wat buite hul beheer is.

7.2.2 Die besluit om jou toe te laat om laat te registreer, sal afhang van jou motivering (met stawende bewyse) om terug te keer na die program en of die program jou op daardie laat stadium vir die 2025 akademiese jaar kan akkommodeer.

## 8. Kontrolering van Registrasiebewys

8.1 Die onus rus op elke student om, sodra die bewys van registrasie wat hulle program en modules vir die jaar bevat, by registrasie aan hulle oorhandig word, dit te kontroleer om seker te maak dat:

8.1.1 die program korrek is;

8.1.2 al die modules wat in die betrokke jaar gevolg gaan word, daarop verskyn; en

8.1.3 dat dit die korrekte module(s) is, d.w.s. nie bv. 122 as dit 112 moet wees nie, ens.

8.2 Indien foute voorkom, moet dit vóór of op **Vrydag, 21 Februarie 2025** by die Fakulteitsbeampte, Mnr Bernard Makhotla, kamer 1058, Kliniesegebou, Tygerberg-kampus, reggestel word, of by me Jabulile Motahane in die geval van eerstejaarstudente op die Stellenbosch-kampus, kamer 3020, Administrasie Blok A.

## 9. Voldoening aan Module- en Programvereistes

Studente moet voor, tydens en na registrasie en ook aan die begin van die tweede semester seker maak dat hulle aan alle slaag-, voor- en newevereistes vir die betrokke modules wat hulle volg, voldoen, sowel as enige programspesifieke vereistes. Sien die FGGW Jaarboek (Deel 12) in hierdie verband.

## 10. Immunisering teen Hepatitis B

10.1 Alle studente wat vir MBChB I, BSc in Dieetkunde I, B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I, BSc in Fisioterapie I, B in Verpleegkunde I en B in Arbeidsterapie I gekeur is, moet deur hulle eie mediesepraktisyns of by die Kampusgesondheidsdiens (KGD) op die Tygerbergkampus vir Hepatitis B getoets word. Studente wat negatief toets, moet hulle vroegtydig teen Hepatitis B laat immuniseer alvorens hulle as studente by die Universiteit aanmeld. 'n Sertifikaat om aan te dui dat hulle wel getoets en, indien nodig, geïmmuniseer is, moet deur alle eerstejaarstudente ingelewer word.

- 10.1.1 **BSc in Fisioterapie I**-studente is nie verplig om bewys van inenting by die Afdeling: Fisioterapie in te dien nie.
- 10.1.2 **BSc in Dieetkunde I**-studente kan dit inlewer tydens hulle akademiese oriënteringsprogram, maar op die laatste vóór Januarie 2025 by dr Y Brits in die Afdeling: menslike Voeding.
- 10.1.3 **B in Verpleegkunde I**-studente kan dit indien tydens hulle akademiese oriënteringsprogram, maar op die laatste vóór die einde van die akademiese jaar van 2024 by hul klasvoog, me R Petersen.
- 10.1.4 **MBChB** I-studente moet hulle bewyse epos na mcbhb@sun.ac.za op die laatste vóór Woensdag, 5 Februarie 2025.
- 10.1.5 **B in Arbeidsterapie I**-studente is nie verplig om bewys van inenting by die Afdeling: Arbeidsterapie in te dien nie.
- 10.1.6 **B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I**-studente moet 'n afskrif van hul bewys van immunisering teen Hepatitis B op Woensdag, 23 September 2025 by hulle klasvoog, me H Kruger, indien.

10.2 Alhoewel dit nie verpligtend is nie, word studente ook aangeraai om, indien hulle nie tevore teen rubella en masels geïmmuniseer is nie, ook hierdie immunisasies te laat toedien, voordat hulle vir die programme aanmeld. Studente word ook sterk aangeraai om hulle teen Hepatitis A en Varicella (Waterpokkies) te laat immuniseer.

## 11. Registrasiestappe op Tygerberg-kampus tydens die verwelkomingsprogram

**REGISTRASIE VAN NUWELING-EERSTEJAARSTUDENTE VAN:**
**BSc IN DIEETKUNDE, BSc IN FISIOTERAPIE, B IN VERPLEEGKUNDE EN MBChB OP VRYDAG, 31 Januarie 2025**

**Baie belangrik:** Hou asseblief jou wagwoord, studentenommer en bewyse van studentegelde betaal/bewyse van beurs/lening byderhand.

| **REGISTRASIESTAPPE:** | |
|---|---|
| **Stap 1** | Neem foto vir studentekaart in Lesinglokaal no 3, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus |
| **Stap 2** | Selfregistrasie as student in Tygerberg Assesseringsentrum, 5de Vloer Onderwysgebou, Tygerberg-kampus indien nie gedoen deur studenteportaal nie<br>**(Studente kan ook tydens hierdie stap aansoek doen om 'n parkeerplek vir hulle motor op die Kampus en sal mettertyd per e-pos oor die uitslag van die aansoek ingelig word. Studente wat 'n parkeerplek ontvang het, sal 'n parkeerskyfie per e-pos ontvang, wat hulle dan kan uitknip en op hul motor se voorruit kan aanbring. Andersins kan die skyfies by die Voertuigpoel, wat agter die Tygerberg Studentesentrum (TSS) geleë is, aangevra word.)** |
| **Stap 3** | Ontvangs van studentekaart, Lesinglokaal no 6, Onderwysgebou , Tygerberg-kampus |

**Die registrasieproses is ná hierdie drie stappe voltooi.**

**-EINDE-**